Braaf vroue is deel van ons Familie:

Vrou met volharde geloof

Louis du Piesanie 15/09/2019

Mattheus 15:21-28 (AFR83) "Jesus het daarvandaan weggegaan en na die streke van Tirus en Sidon toe vertrek. 'n Kanaänitiese vrou wat in daardie gebied gewoon het, het onverwags by Hom aangekom. Sy het aanhoudend geroep: "Ontferm U oor my, Here, Seun van Dawid! My dogter is in die mag van 'n bose gees, en dit gaan sleg." Maar Hy het haar niks geantwoord nie. Sy dissipels kom toe by Hom en vra: "Stuur haar weg, want sy hou aan met skreeu hier agter ons." Jesus antwoord: "Ek is net na die verlore skape van die volk Israel toe gestuur." Maar die vrou kom kniel voor Hom en sê: "Here, help my!" Hy sê vir haar: "Dit is nie mooi om die kinders se brood te vat en vir die hondjies te gooi nie." "Dit is waar, Here," sê sy, "maar die hondjies eet darem van die krummels wat van hulle base se tafels afval." "Mevrou," sê Jesus vir haar, "jou geloof is groot. Jou wens word vervul." Van daardie oomblik af was die dogter gesond."

1. HINDERNISSE IN DIE PAD VAN HAAR WONDERWERK:

1.1. Dit het nie soos die beste tyd gelyk om Jesus vir 'n wonderwerk te vra nie. Hy was moeg en wou graag gaan rus.

1.2. Sy was 'n vrou en 'n Kanaäniet. Altwee die feite het gemaak dat dit nie aanvaarbaar was vir haar om met Jesus te praat nie.

1.3. Haar begeerte vir haar dogter om gesond te word was groter as wat haar dogter se begeerte was om gesond te word (haar dogter het nie saam gekom om Jesus te vra vir genesing nie).

1.4. In ons lewens is daar ook soms hindernisse wat ons kan weerhou daarvan om te volhard en te vra vir ons wonderwerk.

2. HOE DIE STORIE AFGESPEEL HET:

2.1. Jesus het eers nie die vrou geantwoord toe sy om hulp gevra het nie.

2.2. Toe het Sy dissipels Hom gevra om die vrou weg te stuur.

2.3. Daarna het Jesus met die vrou gepraat en vir haar gesê dat Hy net vir die verlore skape van Israel gestuur is.

2.4. Teen die tyd kon sy al lankal moed opgegee het.

2.5. Jesus het nooit vir die vrou nee gesê nie, maar Hy het haar wel uitgedaag om te volhard.

2.6. Wanneer ons bid en dit voel of God ons nie antwoord nie beteken dit ook nie noodwendig dat Hy nee sê nie. Ons moet ook, soos die vrou, volhard in gebed.

3. DIE VROU SE REAKSIE TEENOOR JESUS:

3.1. Sy was nederig in haar reaksie teenoor Jesus.

3.2. Sy het God se grootheid erken en Jesus het positief gereageer teenoor haar geloof.

3.3. Ons moet verstaan dat ons steeds nederig moet bly en volhard in ons geloof selfs al antwoord God ons nie altyd dadelik nie.

Gesprek Gids

OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK

1. Het jy al ooit iets vir God gevra, maar die antwoord het net nooit gekom nie?
2. Hoe het jy gereageer toe jy nie 'n antwoord kry nie? Het jy moed op gegee of het jy volhard?
3. Het jy iets uit die storie van die Kanaänitiese vrou geleer wat die manier wat jy gebed in die toekoms gaan benader beïnvloed?